

OP WEG NA DIE POLITIEKE DRAAIPUNT VAN 1948: DRIE EEUE VAN VREES AS FAKTOR IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

Derek du Bruyn¹ en André Wessels²

Abstract

The desire to safeguard themselves, and the aims of preserving and protecting an own identity, are central themes in the history of the Afrikaner. There is no doubt that the concomitant fear in white ranks is firmly rooted in history. Fear of both racial and political domination has had a permanent impact on the psyche of the Afrikaner, even before he had become aware of himself as a separate nation. It was the fear of the growing threat of a numerically superior indigenous black population in particular that would become an independent variable, not only in Afrikaner politics, but also in the broader context of white politics. The source of fear for Afrikaners in particular changed as time passed – from a fear of Anglicisation by the British to a fear of equality and mixing with blacks. The “right-wing line”, as well as the “fear line”, has been motivated, stimulated, or at least influenced by historical events and tendencies which strengthened white fears in some way or other, and as a result fostered right-wing sentiments. This study makes clear that fear as a political instrument may be manipulated to achieve specific political objectives.

1. INLEIDING

In 1969 het die Herstigte Nasionale Party (HNP) as Suid-Afrika se eerste volwaardige regse politieke party tot stand gekom, nadat daar geruime tyd woelinge binne die Nasionale Party (NP) was. Hierdie onrustigheid binne die NP, wat as die sogenaamde “verlig-verkrampstryd” tipeer is,³ met die regse elemente binne die NP wat as die sogenaamde “verkrampstes” geëtiketteer is, het met verloop van tyd tot ’n breuk in die NP gelei. Sedertdien het ook talle ander regse partye en organisasies tot stand gekom, insluitende die Konserwatiewe Party (KP) en Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB). Hierdie gebeure kan slegs begryp word teen die agtergrond van die Afrikaner se drang om sy veiligheid te verseker en sy identiteit te behou. Die vrees vir rasse- en politieke dominasie het ’n blywende impak op die Afrikaner se psige gehad, selfs nog voordat hy homself⁴ as ’n afsonderlike volk

¹ Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, en tans verbonde aan die Nasionale Museum, Bloemfontein. E-posadres: derek@nasmus.co.za

² Senior Professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. E-posadres: wesselsa.hum@ufs.ac.za

³ Kyk bv. JA du Pisani, *John Vorster en die verlig/verkrampstryd ’n studie van die politieke verdedtheid in Afrikanergeleedere, 1966-1970* (Bloemfontein, 1988).

⁴ In hierdie artikel gaan die terme "hy/hom" gebruik word om ook "sy/haar" aan te dui. Die rede is dat die gebruik van "hy/sy", "hom/haar" of "sy/haar" onprakties en langdradig is. Geen seksisme word geïmpliseer met die gebruik van die manlike vorme nie.

beskou het. Veral die vrees vir dominasie deur die swart inwoners (die meerderheid in die land) het 'n faktor in Afrikaner-, en blanke politiek in die algemeen, geword. Dit het veral ná 1948 in 'n bepaalde ideologie, naamlik apartheid, uitgekristalliseer. Teen dié tyd is die Afrikaner se aanvanklike vrees vir Britse imperiale oorheersing deur vrees vir swart mense vervang.

Ten einde die rol van vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika in die twintigste eeu in historiese perspektief te stel, is dit die doel van hierdie artikel om 'n breë oorsig van die ontwikkeling van die regse denkstroom in die Suid-Afrikaanse politiek tot en met 1948 te verskaf. Die klem sal val op die geleidelike manifestering van, wat agterna beskou, as 'n sogenaamde “regse lyn” en 'n sogenaamde “vreeslyn” in die politieke houding en denke van die vroeëre blanke inwoners van Suid-Afrika tipeer kan word. Daar sal byvoorbeeld aangetoon word dat sowel die vreesfaktor as die regse⁵ politieke houding hul oorsprong lank voor 1948 gehad het.

Uitgaande van die standpunt dat die vreesfaktor 'n *Leitmotiv* in die geskiedenis van Suid-Afrika is, word aan die hand van distinktiewe fases (wat ten opsigte van die manifestering van die vreesfaktor in die blanke politiek geïdentifiseer is) in die bespreking gelet op: die Kompanjies tydperk (1652-1795), die tydperk van Britse oorheersing (1795-1910), die Suid-Afrikaanse Party se bewindstydperk (1910-1924), die NP se bewindstydperk (1924-1934), die stormagtige jare in die aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog, en uiteindelik die gebeure tydens die oorlogsjare en gedurende die afloop daarvan, met spesiale verwysing na die NP se bewindsoorname in 1948. Wat presies was die rol van vrees in elk van hierdie fases? Waarom het vrees ontwikkel en wat was die gevolge daarvan? In die loop van die artikel sal hierdie en verwante vrae behandel word. Wel wetende dat 'n besonder lang tydperk deur die artikel gedek word, moet in gedagte gehou word dat die tydperk tot en met 1910 bloot as 'n breë agtergrond beskou moet word. Die klem val dus grootliks op die periode 1910 tot 1948. Op die oog af mag dit ook lyk of die oorsig ietwat oppervlakkig is, maar ruimtebeperkings laat nie 'n uitgebreide relaas toe nie. Dit is inderdaad bedoel as 'n oorsigtelike literatuurstudie, met waar moontlik en nodig 'n nuwe vertolking van gebeure. Die doel is dus ook inderdaad nie om 'n grondige studie van elke enkele aspek waarna verwys word te doen nie, maar om 'n argument in verband met die rol wat vrees deur die jare heen gespeel het, op die tafel te plaas – in die hoop dat dit mense sensitief sal maak vir dié kwessie, debat sal ontlok, en moontlike verdere navorsing sal stimuleer. Deur bogenoemde in gedagte te hou, behoort dit ook duidelik te wees waarom die studie hoofsaaklik op gesaghebbende sekondêre bronne gebaseer is – insluitende bronne wat op grondige argivale navorsing berus.

⁵ In hierdie artikel word die term "regs(e)" soms tussen aanhalingstekens geskryf ten einde die "regse" blanke van die pre-1948 tydperk te onderskei van die regse blanke wat eers ná 1948 volwaardig beslag sou kry.

Dit dien immers geen doel om die wiel van vooraf uit te vind nie. Hoewel die fokus deurgaans op gebeure in blanke politieke geledere val, het die “nie-blanke”⁶ deel van die bevolking toenemend ’n bron van vrees in blanke geledere geword.

2. DIE KOMPANJESTYDPERK, 1652-1795

Daar is min twyfel dat die negatiewe indrukke wat die voornemende blanke setlaars reeds vóór hul aankoms in die Kaap in 1652 van swart mense gehad het, in ’n groot mate ’n invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van wit-swart-verhoudinge sedertdien. Rassevooroordele, wat grotendeels gevorm is deur Europese kleur-simbole wat wit met reinheid, skoonheid en deugdelikheid, en swart met boosheid, vuilheid en onbeskaafdheid geassosieer het, is verder versterk deur verhale van vroeë ontdekkingsreisigers se ervarings van swart mense. Dit verbaas dus nie dat die eerste Nederlanders wat hul onder Jan van Riebeeck aan die Kaap gevestig het, by voorbaat ’n swak opinie van die inheemse bevolking gehad het nie. Dit was veral Van Riebeeck en sy tydgenote se ingesteldheid (en dienooreenkomstige optrede) wat ’n langdurige invloed op die persepsies en optrede van daaropvolgende geslagte blanke Suid-Afrikaners gehad het.⁷

Van die begin af is ’n beleid van streng segregasie tussen die blanke amptenare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) en die inheemse Khoi-Khoi toegepas. Hierdie beleid is verwerklik deur die aanplant van ’n heining van bitter amandels om die blanke nedersetting in die Kaapse skiereiland van die res van die binneland af te sny. Die blanke koloniste se afhanklikheid van handel met die Khoi-Khoi en die gevolglike rasse-integrasie wat dit op ekonomiese terrein meegebring het, het die Kompanjie laat besluit om in 1657 ’n aantal amptenare, sedertdien bekend as die Vryburgers, uit die diens van die Kompanjie te laat tree om hulle as selfversorgende bestaansboere te vestig.⁸

In teenstelling met wat oënskynlik die geval was met die meer “verligte” amptenare aan die Kaap, het die Vryburgers hulself weens ’n groeiende groep-

⁶ Wanneer die term “nie-blanke(s)” in hierdie artikel soms noodsaaklikerwys gebruik word, word geensins iets negatiefs en rassisties daarmee gesuggereer nie. Dieselfde geld ook vir die wissel-vorme “kleurling(e)/bruin mens(e)” en “Indiër(s)/Asiër(s)”.

⁷ EA Walker, *A history of Southern Africa* (Londen, 1975), p. 41; PJ Hugo (red.), *Afrika-politiek* (Pretoria, 1988), p. 301; NJ Rhoadie en HJ Venter, *Die apartheidsgedagte ’n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling* (Kaapstad, 1960), pp. 44-45; M Wilson en L Thompson, *A history of South Africa to 1870* (Kaapstad, 1982), pp. 181-192; SFN Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika 1* (Stellenbosch, s.a.), p. 72; L Guelke, “The origin of white supremacy in South Africa: an interpretation”, *Social Dynamics* 15(2), Desember 1989, pp. 40-42. Kyk in die algemeen ook H Giliomee en R Elphick (reds.), *’n Samelewing in wording Suid-Afrika 1652-1840* (Kaapstad, 1990), *passim* vir gebeure tot en met ongeveer 1840.

⁸ HH Hewison, *Hedge of wild almonds South Africa, the “Pro-Boers” and the Quaker conscience* (Portsmouth, 1989), p. 2; JAJ Agar-Hamilton, *South Africa* (Londen, 1934), p. 7; CW de Kiewiet, *A history of South Africa social and economic* (Londen, 1941), p. 5; WA de Klerk, *The Puritans in Africa a story of Afrikanerdom* (Londen, 1975), p. 9; Guelke, pp. 42-44.

solidariteit, as 'n blanke, Christelike, beskaafde binnegroep (*in-group*) teenoor die inheemse swart, sogenaamd heidense, onbeskaafde buitegroep (*out-group*) gesien. Dit wil voorkom asof 'n latente vrees toe reeds in 'n mindere of meerdere mate 'n rol gespeel het in die koloniste se siening van hulself as 'n meerderwaardige rassegroep wat deur 'n getalsterker ras bedreig is. Deur hulself feitlik instinktief teen die swart meerderheid te beveilig en teen absorpsie te waak, is 'n kleurmeganisme in die koloniste se lewens- en wêreldbeskouing ingebou. 'n Kleurgevoel, 'n kleurskeidslyn, die vrees vir bloedvermenging en die idee van rassedifferensiasie het in hierdie omstandighede permanente beslag gekry.⁹ 'n Belangrike nuwe-effek van hierdie vrees-gebaseerde rassehouding, veral die vrees vir bloedvermenging, was die blanke koloniste se neiging om hul eie potensiële ondeugde te projekteer op diegene (die swart mense) wat aan hulle onderwerp is.

In die loop van die agtiende eeu is daar nie net aan die Kaap self wegbeweeg van die relatiewe kleurverligtheid van die vorige eeu nie, maar het die boerepioniers (dit wil sê vryboere wat landbouers en veeboere en uiteindelik trekboere geword het) se kleurbewustheid verskerp namate hul in hul uitbreiding na die binneland op soek na weiveld met georganiseerde en meesal vyandelike swart stamme in aanraking gekom het. Dit was veral op die destydse Kaapse Oosgrens waar botsings oor weiveld tussen die trekboere en die veebesittende Xhosas ernstige afmetings aangeneem het. Teen die begin van die negentiende eeu het strooptogte en teenstrooptogte rasseverhoudinge in so 'n mate laat versleg, dat van owerheidsweë alle hoop op vreedsame omgang tussen wit en swart laat vaar is. Deur middel van 'n beleid van streng gebiedskeiding is 'n verbod op enige interaksie tussen koloniste en inboorlinge afgedwing.¹⁰

Dit wil voorkom of blanke vrese, wat hoofsaaklik gespruit het uit historiese vyandelikhede tussen wit en swart, deur sowel informele as formele sosialisering-kanale versterk is. Enersyds het verhale van konflikte soos dié op die Oosgrens voortgeleef in mondelinge oorleweringe, en andersyds is negatiewe rasseverhoudings verder versterk deur politieke sentimente wat op owerheidsvlak gesanksioneer is. Die rol van sosialisering behoort veral beklemtoon te word in die mate wat dit in later jare 'n al belangriker rol in die vorming van blanke oorlewingsgesindhede sou speel.¹¹

Die betekenis van die talle botsings tussen die blanke trekboere en die Khoi-Khoi en San, en later ook die getalsterker Xhosa, is nie net geleë in die feit dat swartes as “barbare” in die gemoedere van die veeboerepioniers gebrandmerk is nie. Die effek

⁹ S Patterson, *The last trek a study of the Boer people and the Afrikaner nation* (Londen, 1957), p. 9; A Keppel-Jones, *South Africa a short history* (Londen, 1966), p. 41; FA van Jaarsveld, *Omsingelde Afrikanerdom* (Pretoria, 1978), p. 8; LE Neame, *The history of apartheid the story of the colour war in South Africa* (Londen, 1962), p. 13.

¹⁰ PJ van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)* (Kaapstad, 1938), pp. 29-32; AF Hattersley, *South Africa, 1652-1933* (Londen, 1933), pp. 42-44; S Debroy, *Zuid-Afrika naar de bronnen van apartheid* (Kasterlee, s.a.), pp. 94-102; Patterson, pp. 16-17.

¹¹ Hugo (red.), pp. 302-303; Walker, p. 41; Onderhoud met PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

daarvan behoort ook beskou te word met betrekking tot die rol wat die vreesfaktor in die vorming van 'n "regse" politieke houding by hierdie blankes gespeel het. Die feit dat die trekboere gevoel het dat hul fisiese voortbestaan deur die gewelddadige optrede van die Xhosa bedreig is, het daartoe gelei dat gevoelens van onsekerheid en onveiligheid, en ook 'n bestaansvrees (al was dit soms slegs sluimerend van aard) in die blanke psige ontstaan het. Daar kan dus met reg gesê word dat die verskyning van 'n getalsterker en sogenaamd gewelddadige swart groep, blanke selfbehoud en vrees vir die verlies daarvan 'n beslissende determinant in rassebetrekkinge gemaak het. Terselfdertyd het dit sedertdien 'n deurslaggewende faktor in die uitkristallisering van 'n "regse" politieke houding geword.¹²

Hoewel die term "regs" gereedelik gebruik kan word om die veeboerpioniers se politieke houding te beskryf, moet dit gekwalifiseer word, aangesien die veeboerpioniers – sowel as die volgende geslag, naamlik die Boere-Afrikaners van die negentiende eeu – wat politieke houding betref 'n relatief homogene groep was. Daar was dus nog nie 'n onderskeid te tref tussen sogenaamd "gematigdes" en "regses" nie. Tog kan daar met sekerheid gesê word dat daardie karaktereienskappe wat die grondslag van die latere regse politieke houding sou vorm, wel grootliks hul beslag by die agtiende-eeuse boerepionier gekry het. Die sogenaamde grens- (*frontier*) omstandighede waaronder hierdie blankes geleef het, hul geïsoleerde leefwyse, mededinging met vyandelike volke en die gevolglike sogenaamde afwatering van sosio-kulturele beskawingsnorme, het die tipiese "regse" karaktereienskappe soos behoudendheid, relatiewe engheid van denke en rassemeerderwaardigheid inherente kenmerke van die veeboerpioniers gemaak. Hierdie "regse" eienskappe sou dinamiese en vormende kragte word om uiteindelik ook in die twintigste-eeuse politieke houding neerslag te vind.¹³

Dit wil voorkom of die negatiewe uitwerking van die Oosgrenskonflikte nie beperk was tot die gesindheid van die ontwakende Afrikaner nie. Benewens die feit dat die botsings die politieke houding van die swartes (wat uiteindelik oorwin is en in die proses hul grond en selfbeskikking verloor het) negatief beïnvloed het, het die Britse setlaars wat in 1820 in Suid-Afrika aangekom het, weldra die rasse-voordeel van die meer gevestigde Nederlandse koloniste gedeel.¹⁴ Die Engelse *frontier point of view* ten opsigte van swartes as oorlogsgutig, wreed en bloeddorstig,

¹² NJ Rhoadie, *Apartheid en partnership 'n rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en vennootskap met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme* (Kaapstad, 1966), pp. 10-11; Wilson en Thompson, pp. 233-271; Patterson, pp. 8, 10; Onderhoud met PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

¹³ EA Walker, *The Great Trek*, pp. 23-58; C Dalcanton, *The Afrikaners of South Africa a case study of identity formation and change* (D.Phil., Universiteit van Pittsburgh, 1973), p. 22; MS Geen, *The making of South Africa* (Kaapstad, 1971), pp. 32-33; HT Colenbrander, *De afkomst der Boeren (s.l., s.a.)*, p. 119; Patterson, p. 19; Rhoadie, p. 11.

¹⁴ Hugo (red.), p. 301. Sien ook VAB: A 29 (2), CJ Uys en GH van Rooyen, *Memoirs of John Montgomery, a settler of the year 1820* (Bloemfontein, 1943), pp. 80-97.

is van belang ten opsigte van die ontwikkeling van die “regse” Engelssprekende blanke. Die historikus David Welsh verklaar dat die Engelse koloniste, net soos die Nederlandse koloniste, “appeared to have imbibed, in their full extent, to the same inhuman prejudices towards the natives of the soil”.¹⁵ Hoewel in ’n mindere mate as die geval met die veeboerpioniers, kan hierdie vroeë rassesentiment van die Britse setlaars in ’n groot mate as ’n verklaring dien vir die regse houding wat in die twintigste eeu ook kenmerkend van sommige Engelssprekende blankes sou word.¹⁶ Vervolgens word dus kortliks op die tydperk van Britse oorheersing gelet.

3. DIE TYDPERK VAN BRITSE OORHEERSING, 1795-1910

Die Britse besetting van die Kaap in 1795 en in 1806 het verreikende gevolge vir die verloop van die politieke geskiedenis van die negentiende en twintigste eeu gehad. Enersyds het die vreemde oorheersing ’n groepsbewussyn onder die wordende Boere-Afrikaners gestimuleer wat beslissend was vir die ontwikkeling van ’n sterk Afrikaner-nasionalisme in die tweede helfte van die negentiende eeu. Andersyds was Britse imperialisme daarvoor verantwoordelik dat die Boere-Afrikaner se basiese vrees vir die “swart gevaar” nie net omskep is in ’n meer doelbewuste vrees vir gelykstelling met swartes nie, maar dat ’n bykomende vrees gestimuleer is, naamlik die vrees vir verengelsing. Primêr verantwoordelik vir laasgenoemde vrees was die beleid wat die Britse owerheid veral sedert 1820 op alle samelewingsterreine deurgevoer het. Hierdeur is veral die Nederlandssprekende deel van die bevolking aan die Kaap van hul Britse heersers vervreem. Die wetlike gelykstelling van die blankes met die Khoi-Khoi (vergelyk die toepassing van Ordonnansie 50 van 1828) en die vrystelling van slawe in 1834, het by sowel Nederlandssprekendes aan die Kaap as veeboerpioniers op die Oosgrens tot groot ontevredenheid gelei. Naas die beleid van verengelsing en die gebrek aan grondgebied en veiligheid, was die gelykstelling van wit en swart die deurslaggewende oorsaak van die Groot Trek.¹⁷

Op die keper beskou, lê die betekenis van die Groot Trek vir die ontwikkeling van die “regse lyn” in die feit dat dit die fisiese migrasie was van die draers van “regse” denke na ’n omgewing waar hulle hul politieke sentiment ongehinderd sou

¹⁵ D Welsh, "English-speaking whites and the racial problem" in A de Villiers (red.), *English-speaking South Africa today proceedings of the national conference, July 1974* (Kaapstad, 1976), p. 219.

¹⁶ N Mostert, *Frontiers the epic of South Africa's creation and the tragedy of the Xhosa people* (Londen, 1992), pp. 776-778; Welsh, p. 219.

¹⁷ ES Munger, *Afrikaner and African nationalism South African parallels and parameters* (Londen, 1967), p. 4; HIJ van der Spuy, "The political development of the Afrikaner: a psychological perspective" (Referaat, International Society of Political Psychology, Washington D.C., 27 April 1972), pp. 13-14; M Nathan, *The Voortrekkers of South Africa from the earliest times to the foundation of the republics* (Londen, 1973), pp. 9-16; A Sparks, *The mind of South Africa the story of the rise and fall of apartheid* (Londen, 1990), pp. 67, 105; De Kiewiet, p. 47; Dalcanton, p. 28; Agar-Hamilton, pp. 11, 16; H Giliomee, *Die Afrikaners 'n biografie* (Kaapstad, 2004), pp. 58-59, 111-112; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

kon uitleef. Die Groot Trek is egter ook om ander redes betekenisvol. Sowel die mate waarin die blanke Trekkers se negatiewe ervaring van die binnelandse swart volke met wie hulle in aanraking gekom het versterkend op 'n reeds negatiewe rassehouding¹⁸ ingewerk het, as die feit dat hierdie beskouings uiteindelik wetlike neerslag in die te stigte Boererepublieke van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat gevind het, is hier van belang. Naas die implementering van algehele territoriale rasseseëiding, is grondwetlik bepaal dat geen gelykstelling tussen blank en swart geduld sou word nie.¹⁹ Net soos die Voortrekkers se beleid jeens swart mense, was die republikeinse Afrikaner se houding teenoor swartes ook primêr ingestel op selfbeveiliging en selfhandhawing. Terwyl die geografiese verwydering tussen die Boererepublieke en die Britse owerheid aan die Kaap grootliks die vrees vir verengelsing "besweer" het, is ook die vrees vir gelykstelling "besweer" deur selfbeveiliging in wetgewing te verskans.²⁰

In die bykans halwe eeu van Afrikaner-selfregering in die Boererepublieke, het die Boere-Afrikaner, wat hom volgens Donald G Baker in 'n "laer-tipe" agrariese gemeenskap saamgetrek het, nie net daarin geslaag om sy hegemonie oor die swartes te vestig nie, maar daar het ook 'n bepaalde politieke houding by hierdie blankes uitgekristalliseer. Teenoor die sogenaamde *Cape liberal tradition* of "Suidelike standpunt" het 'n sogenaamde "Noordelike standpunt" of "Boerestandpunt" ontwikkel. Laasgenoemde standpunt is egter ook in 'n mate gehuldig deur die eerste ware politieke party van die Afrikaner, die Afrikanerbond, wat in 1880 in die Kaapkolonie gestig is. Laasgenoemde is betekenisvol wat betref die ontwikkeling van die regse denkstroom in die blanke politiek. Aangevuur deur 'n ontwakende Afrikanernasionalisme, het 'n inherent konserwatiewe politieke houding, gekenmerk deur 'n behepthed met rasse-eksklusiwiteit en 'n drang na rasse-oorheersing (vergelyk die Afrikanerbond se slagspreuk "Afrika vir die Afrikaanders!") beslag gekry. In die lig hiervan wil dit voorkom of die era van die Boererepublieke en die distinktiese

¹⁸ Vergelyk in dié verband die sogenaamde "laer-mentaliteit". Met verwysing na die Trekkers se gewoonte om uit selfbeveiliging laer te trek, kan hierdie mentaliteit by latere geslagte Afrikaners tipeer word as 'n sielkundige neiging tot die sluiting van geleedere in die aangesig van bedreiging.

¹⁹ Sien bv. VAB: OR 52 (24), *Constitutie van den Oranjevrijstaat, Mei 1879* (Bloemfontein, 1879), p. 1 en OR 43, *Wetboek van den Oranjevrijstaat, 1890* (Bloemfontein, 1891), *passim*. Wat laasgenoemde betref, sien wetgewing van toepassing op "kleurlingen".

²⁰ WH Vatcher, *White laager: the rise of Afrikaner nationalism* (Londen, 1965), p. 10; L du Buisson, *The white man cometh* (Johannesburg, 1987), pp. 191-249; WB Boyce, *Notes on South African affairs* (Kaapstad, 1971), pp. 145-164; FS Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse republiek* (Durban, 1982), pp. 1-32; JPC Mostert, "Tradisie en vernuwing in Afrikanerdenke: wetgewing ten opsigte van anderskleuriges (1948-1980)", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12 (1), April 1987, pp. 53-54; Wilson en Thompson, pp. 334-338, 405, 424; Neame, p. 24; DW Krüger, *Baanbrekers van die noorde* (pamflet, Johannesburg, s.a.), pp. 26-27; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

“regse” politieke houding wat in hierdie tyd by die Afrikaner vorm aangeneem het, ’n bepalende fase in die ontwikkeling van die “regse lyn” was.²¹

Die historiese verloop in die tweede helfte van die negentiende eeu is ingrypend verander met die ontdekking van diamante (1866) en goud (1867) in onderskeidelik die Vrystaat en Transvaal. Nie net is wit-swart-verhoudinge daardeur gekenter nie, maar die skadu van Britse imperialisme is opnuut oor die Afrikaner gewerp. Terwyl die snelle ontwikkeling van ’n mynindustrie aan die Witwatersrand duisende swart arbeiders na die myne laat stroom het, het die nuutgevonde rykdom van die Transvaal hierdie gebied ’n aantreklike pand vir Brittanje gemaak. Die Afrikaner se vrees vir Britse imperialisme is opnuut gestimuleer deur Brittanje se anneksasie van die Transvaal in 1877, terwyl die vrees vir gelykstelling wat sedertdien ook ’n vrees vir integrasie en selfs oorrumpeling begin word het, opnuut versterk is deur die toestroming van duisende swartes en sogenaamde Uitlanders na die myne. Britse heerssugtigheid enersyds en die ekonomiese integrasie van wit en swart andersyds, het die Afrikaner se politieke selfbeskikking ernstig bedreig. Ten opsigte van die ontwikkeling van die sogenaamde “vreeslyn” is hierdie verwickelinge dus betekenisvol.²²

Die Afrikaner se verset teen die Britse besetting van Transvaal het gelei tot die Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881). Hoewel die belangrikheid van dié oorlog nie onderskat moet word nie weens die feit dat die republikeinse Afrikaners daardeur geestelik verenig en nasionaalbewus gemaak is, was dit die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) wat ’n keerpunt in die Afrikaner se geskiedenis was. In wese ’n botsing tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme, was die gevolge van die oorlog – in besonder die fisiese en geestelike lyding van die Afrikaner – verrekend. Hoewel die rol van die historiese konflik tussen swart en wit van oorheersende belang is vir ’n begrip van blanke oorlewingsgesindhede, moet die impak wat die Anglo-Boereoorlog op die Afrikaner se nasionale bewustheid gehad het, nie geringskat word nie. Naas ’n vrees vir die totale verlies van hul identiteit, het ’n oorlewingsgebaseerde vrees inherent deel uitgemaak van die Afrikaner se geestestoestand ná die oorlog. Die werklike ervaring van fisiese uitwissing op groot skaal het ’n dimensie aan Afrikaner-vrees verleen wat toekomstige persepsies van

²¹ DG Baker, “Race, power and white siege cultures”, *Social Dynamics* 1(2), Desember 1975, pp. 144, 150; TRH Davenport, *The Afrikaner Bond the history of a South African political party, 1880-1911* (Kaapstad, 1966), pp. 34-39, 113-123; JC Ridpath en ED Ellis, *The story of South Africa the historical transformation of the dark continent by European powers and the culminating contest between Great Britain and the South African Republic in the Transvaal War 1* (Sydney, s.a.), p. 181; LA Coetzee, *Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie met besondere verwysing na die tydperk van die Eerste tot die Tweede Vryheidsoorlog* (Johannesburg, s.a.), pp. 98-104; Rhoadie, p. 11; Walker, pp. 389-390; Keppel-Jones, p. 147.

²² GHL le May, *Black and white in South Africa the politics of survival* (Londen, 1971), p. 27; ES Sachs, *The anatomy of apartheid* (Londen, 1965), p. 27; JD Omer-Cooper et al., *The growth of African civilisation the making of modern Africa the nineteenth century to partition* (Londen, 1978), p. 262; Baker, p. 150; De Klerk, p. 56; Vatcher, pp. 12-13; Dalcanton, p. 49; Giliomee, p. 189.

bedreiging sterk sou kleur. Van groot belang is die feit dat die sielkundige newe-effekte van die oorlog nie net in die twintigste eeu in die Afrikaner se politieke praktyke en denke neerslag sou vind nie, maar in besonder in die regse politiek. Die vrees vir 'n herhaling van hierdie trauma sou sedertdien as 'n onderliggende gedragsbepaler in 'n sekere segment van die Afrikaner-politiek voortleef.²³

4. DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY SE BEWINDSTYDPERK, 1910-1924

Na 'n tydperk van maatskaplike, ekonomiese en politieke heropbou, het die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom. Dit was duidelik dat hoewel unifikasie veronderstel was om versoening tussen Boer en Brit te versinnebeeld, dit vir sommige Afrikaners nie die einde van die stryd tussen Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme was nie, maar bloot die begin van 'n nuwe fase in dié stryd. Hierdie Afrikaners – die draers van die regse politieke houding – is van besondere belang wat betref die invloed wat hulle ná 1910 op die ontwikkelingsgang van die Suid-Afrikaanse politiek sou uitoefen.²⁴

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die vrees vir verengelsing in die beginjare van die Unie die oorheersende determinant in sekere segmente van die blanke politiek was. Lojaliteit teenoor Brittanje en Britse simbole, al dan nie, was gevolglik ook die grootste verdelingsfaktor onder politieke groeperinge in die Afrikaner-politiek. Terwyl genl. Louis Botha, leier van die Suid-Afrikaanse Party (SAP), daarna gestreef het om die bande tussen Suid-Afrika en Brittanje te verstewig en die verhoudinge tussen die twee taalgroepe te verbeter, het genl. JBM Hertzog en sy volgelinge in die SAP sterker gevoel vir die reg op 'n eie volksbestaan en die handhawing van die eie. Binne partyverband sou hierdie verdeling geleidelik neerslag vind in 'n onderskeid tussen wat beskou kan word as die meer gematigde Afrikaner en die "regse" Afrikaner.²⁵

²³ HG Schulze, *Die anneksasie van die S. Afrikaanse Republiek en die Vrijheidsoorlog* (pamflet, Potchefstroom, 1916), pp. 26-29; T Pakenham, *The Boer War* (Johannesburg, 1979), p. 537; Hugo (red.), pp. 304-305; HIJ van der Spuy en DAF Shamley, *The psychology of apartheid a psycho-social perspective on South Africa* (Washington D.C., 1978), pp. 23-24; Baker, p. 149; Geen, pp. 181-197; Coetzee, pp. 73-79; Hewison, p. 156; A Wessels, "Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2), Desember 2001, pp. 1-20.

²⁴ GD Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 6 (Johannesburg, s.a.), p. 79; De Klerk, p. 91; Hattersley, pp. 196-202; Hewison, p. 341; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

²⁵ O Geysler en AH Marais (reds.), *Die Nasionale Party agtergrond, stigting en konsolidasie* 1 (Pretoria, 1975), p. 74; TD Moodie, *The rise of Afrikanerdom Power, apartheid and the Afrikaner civil religion* (Berkeley, 1975), p. 78; H Adam en H Giliomee, *The rise and crisis of Afrikaner power* (Kaapstad, 1979), pp. 105-106; Baker, p. 151; Geen, p. 220; De Klerk, pp. 95-99; Dalcanton, p. 63; Scholtz, 6, pp. 116-119; Giliomee, pp. 254-255; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

Daar kan van die standpunt uitgegaan word dat die moderne regse beweging in Afrikaner-politiek permanent wortel geskiet het met die stigting van die Nasionale Party (NP) onder leiding van Hertzog op 7 Januarie 1914. Die NP kan dus beskou word as die vader van die twintigste-eeuse regse politiek. Die feit dat vrees, soos wat dit ook ná 1969 die geval sou wees met die volwaardige regse politieke groeperinge, as die grondliggende rede vir die stigting van die NP beskou kan word, is van besondere belang. Die vrees vir kulturele assimilasië kan tipeer word as die onderliggende dryfveer vir die stigting van die NP. In ’n beleid van afsonderlikheid (vergelyk Hertzog se sogenaamde “tweestroombeleid” teenoor Botha se “eenstroombeleid”) het Hertzog en sy Afrikaner-ondersteuners (die sogenaamde “Nattes”) ’n middel tot selfbeveiliging en selfhandhawing gevind. Hierteenoor is die “Sappe” (die ondersteuners van Botha en genl. JC Smuts), wat uit sowel Afrikaans- as Engelssprekendes bestaan het, gesien as “Engelsgesindes” wat tot ander insigte moes kom.²⁶

Die verdeeldheid in Afrikaner-geledere het veral ná die rebellie van 1914-1915 verdiep toe die “regse” Afrikaner sy verset teen Botha se ondersteuning van die Britse oorlogspoging en die begeerte na die terugwen van republikeinse onafhanklikheid, gedemonstreer het. Dit was hoofsaaklik verstedelike en ongeskoolde blanke arbeiders, lede van die groeiende armblanke-poel, sowel as intellektuele en kultuurleiers, wat ontevrede was met die dominante posisie van die Engelse taal en kultuur. Hierdie tendens is van besondere belang vir die ontwikkeling van die “regse lyn” in die Afrikaner-politiek ná 1910, aangesien genoemde Afrikaners die grondslag van die latere regse beweging sou vorm. Die feit dat die NP getalgsig ook begin voordeel trek het uit die geleidelike oplewing van Afrikaner-nasionalisme (vergelyk die NP se oortuigende vertonings in die algemene verkiesings van 1915 en 1920), is eweneens betekenisvol, aangesien dit ’n faktor was wat in die jare ná die Eerste Wêreldoorlog in ’n groot mate ’n “regse” politieke houding onder Afrikaners sou versterk.²⁷

In die twintigerjare was demografiese tendense hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat Afrikaner-vrees vir verengelsing geleidelik begin oorgaan het in ’n vrees vir rasse-integrasië en -verswelging. In ’n verrekening van hierdie kentering in die ontwikkeling van die “vreeslyn” is dit van belang om daarop te let dat, in teenstelling met wat die geval was met die Afrikaner se houding teenoor Brittanje en die Engelssprekendes, daar geen noemenswaardige onderlinge verskil was tussen

²⁶ R Lacour-Gayet, *A history of South Africa* (Londen, 1977), p. 250; M Ballinger, *From Union to apartheid a trek to isolation* (Kaapstad, 1969), p. 40; Geyser en Marais, pp. 136-137; Scholtz 6, p. 133; *De Nasionale Partij van Transvaal beginsels, konstitusie en statuten* (pamflet, Pretoria, s.a.), pp. 6-8; *Beginsels, konstitusie en statuten van de Nasionale Partij in Zuid Afrika* (pamflet, Potchefstroom, s.a.), pp. 13-16.

²⁷ Moodie, pp. 82-85; Hattersley, pp. 206-207; Geen, p. 223; Geyser en Marais 1, pp. 233-235, 241, 280-281; Scholtz, 6, pp. 239-241; Dalcanton, pp. 68-71; De Klerk, p. 103.

Botha en Hertzog se onderskeie ondersteuners se houding teenoor “nie-blankes” nie. Soos Hertzog, was Botha en Smuts ten gunste van ’n beleid van segregasie tussen wit en swart. Die vrees vir rasse-integrasie was dus in alle opsigte ’n gemeenskaplike vrees. In die lig hiervan kan die Botha-regering se Naturellen Grond Wet van 1913, wat die land in onderskeidelik ’n blanke (87%) en ’n swart (13%) gebied verdeel het, beskou word as ’n selfbeveiligingsmaatreël, wat primêr daarop gemik was om die blanke vrees vir integrasie te besweer.²⁸

Nieteenstaande die latere pogings van regeringskant om blankes deur middel van bykomende segregasiemaatreëls te beskerm, was veral verwickelinge op die arbeidsterrein, as nuwe-effek van demografiese verskuiwings, daarvoor verantwoordelik dat bestaande rassevrees verder versterk is. Weens die toenemende verstedeliking van swart mense ná 1910, het veral die kwesbare posisie van die getelsarme blanke arbeiders op die voorgrond begin tree. Hierdie kwessie, wat met die mynwerkerstaking van 1922 op die spits gedryf is, behoort gesien te word in samehang met die mate waarin die blanke arbeider homself bedreig gevoel het deur die ongeskoolde swart arbeider. Hiermee het die bestaande vrees vir gelykstelling en integrasie, in die geval van veral die blanke werker, sterker begin oorgaan in ’n vrees vir verswelging.²⁹

Die belangrikheid van hierdie nuwe prominensie van ’n rassegebaseerde vrees, nie meer alleen in Afrikaner-geledere nie, maar ook in breë blanke geledere (vergelyk ook die Engelssprekende blanke arbeider), is daarin geleë dat die sigbare bedreiging van groot getalle swartes in en om die “blanke” stede die blanke rassevrees omskep het in ’n politieke faktor. Benewens die vrees vir mededinging, het daar ook die vrees ontstaan dat swart mense op politieke regte sou aanspraak maak sodra hulle permanente verblyfplek in die stede bekom het. In samehang hiermee moet klem gelê word op die stelselmatige politieke bewuswording van die sogenaamde Afrikaner-burgerstand, naamlik verstedelike laer- en middelklas Afrikaners wat hulle in ’n geïndustrialiseerde samelewing bevind het. As gevolg van die kollektiewe bewussyn wat by hierdie “verburgerlike” Afrikaners ontwikkel het, is die gemeenskaplike vrees vir integrasie

²⁸ A Wessels en ME Wentzel, *Die invloed van relevante kommissieverlae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling* (RGN-verslag, IGN-T1, Pretoria, 1989), p. 18; JCR Liebenberg en PJ van der Merwe, "Die wordingsgeskiedenis van apartheid", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 16(2), Desember 1991, p. 5; H Giliomee, "Die ontwikkeling van selfkonsepsies by die Afrikaner" in HW van der Merwe (red.), *Identiteit en verandering - sewe opstelle oor die Afrikaner vandag* (Kaapstad, 1975), p. 38; *Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1913* (Kaapstad, 1913), pp. 437-475; *The National Party of South Africa programme of principles, 1921* (pamflet, Kaapstad, s.a.), pp. 5-6; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992. Vir argumente in dié verband, sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 9 Mei 1913 (Kaapstad, s.a.), kol. 1934-1956.

²⁹ AG Oberholster, *Die mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922* (Pretoria, 1982), pp. 35, 56-86; FJ van Heerden, *Die Randse staking van 1922* (M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984), pp. 102-121; J Fisher, *The Afrikaners* (Londen, 1969), p. 249; FA van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad, 1979), p. 6; De Kiewiet, p. 197; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992; Baker, pp. 149-150.

en oorheersing omskep in 'n polities-gedefinieerde kleurvraagstuk. Hierdie vraagstuk sou nie net die Afrikaner se politieke bewussyn oorheers nie, maar die hantering daarvan sou ook die verloop van die politieke proses vorentoe beïnvloed.³⁰

5. DIE NASIONALE PARTY, 1924-1934

Die oorwinning van die NP-Arbeiderspakt in die verkiesing van 1924 moet gesien word as polities betekenisvol, aangesien dit nie net in wese as 'n direkte uitvloeisel van veral blanke werkersklasvrese beskou kan word nie, maar ook weens die rigting wat die Afrikanerpolitiek van toe af sou inslaan, naamlik ideologies-gefundeerd. In die lig hiervan kan aanvaar word dat die bewindsaanvaarding van die NP, wat in alle opsigte die navolger van 'n wesenlik konserwatiewe politieke ideologie was, 'n "regse" politieke houding onder die Afrikaner versterk het.³¹

Die NP se verklaarde beleid van segregasie of rasseskeiding was nie net gefundeerd in inherente rassemeerderwaardigheid nie, maar was in die eerste instansie daarop gemik om Afrikaner-vrese, veral dié op die arbeidsterrein, te besweer; trouens, die Hertzog-regering het die beveiliging van Suid-Afrika vir die blanke as sy vernaamste doelwit gestel. Hieraan is uitvoering gegee deur onder meer die vaslegging van 'n kleurslagboom in die arbeidsektor om die blanke werker teen die swart werker te beskerm. Een van die belangrikste gevolge hiervan was dat die arbeidsvraagstuk terselfdertyd 'n kleurvraagstuk geword het, en wel in die mate waarin rass spanning verhewig en uiteindelik oorgespoel het na wit-swart-verhoudinge buite die arbeidsterrein. Hierdie toedrag van sake het duidelik geblyk uit die strenger maatreëls wat die beweging en vestiging van swartes moes reguleer,³² asook uit die 1929-verkiesing toe die "nie-blanke"-kwessie, in teenstelling met vorige verkiesings, prominent op die voorgrond begin tree het. Die sogenaamde

³⁰ A Wessels, "Die rol van politieke faktore in die formulering van die Suid-Afrikaanse verdedelingsbeleid: 'n historiese perspektief", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(2), Desember 1988, pp. 135-136; De Klerk, p. 90; Scholtz, 6, pp. 422-426; Van Jaarsveld, p. 6; Baker, p. 150; Onderhoud met NJ Rhodie, Pretoria, 15 Julie 1992. Vir argumente in dié verband, sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, soos berig in die *Cape Times*, 7 Februarie 1923.

³¹ Moodie, p. 37; Ballinger, p. 40; Oberholster, p. 195; Walker, p. 605; Scholtz 6, pp. 529-531; Rhodie en Venter, p. 135; *The National Party of Transvaal programme of principles, 1923* (pamflet, Pretoria, s.a.), pp. 7-8; *The Friend*, 16 Junie 1924, pp. 4-5 en 17 Junie 1924, pp. 4-5.

³² Hierdie maatreëls was daarop gemik om alle swartes uit blanke gebiede te verwyder in teenstelling met vroeëre maatreëls wat in die eerste instansie die beskikbaarstelling van voldoende arbeid vir die blanke ekonomie ten doel gehad het. Vir argumente ten gunste van sodanige maatreëls, sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad* 13, 23 Julie 1929 (Kaapstad, s.a.), kol. 29-30.

“swart gevaar”-propaganda is ingespan om doelbewus by die blankes ’n vrees vir die omverwerping van die *status quo* te skep.³³

Terwyl die vrees vir die “swart gevaar” verskerp het, het die vrees vir Britse beïnvloeding gedurende die Hertzog-bewind begin taan. Tydens die Rykskonferensie van Oktober 1926 is besluit om Suid-Afrika se status as dominium te verander van onderhorigheid aan Brittanje na onafhanklikheid binne die Britse Statebond. Hoewel bande tussen Suid-Afrika en Brittanje dus behoue gebly het, het die aard daarvan verander. Hierdie verwikkeling het oënskynlik die meer gematigde Afrikaners se persepsie van die “Engelse gevaar” beïnvloed.³⁴

Die belangrikste kenmerk van die vroeë dertigerjare was ongetwyfeld die ingrypende sosio-ekonomiese nagevolge van die droogte van 1932 en 1933 en die ekonomiese depressie van 1929 tot 1932. Nie net moes groot getalle blanke boere hul plase verlaat om noodgedwonge ’n heenkome in die stede te vind nie, maar die verstedelikingstempo van swart mense het versnel. Op ’n veel groter skaal as wat in die twintigerjare die geval was, het duisende half- en ongeskoolde Afrikaners hul in die stede bevind, tussen verstedelike verarmde swartes en redelik of baie welgestelde Engelssprekendes; onder laasgenoemde talle Joodse kapitaliste. Die Afrikaner het dus in ’n toenemende mate ’n verstedelike, ontwortelde en verarmde groep geword. Hierdie omstandighede het die Afrikaner in baie gevalle agterdogtig en vreesbevange gelaat en ook met bitterheid vervul.³⁵

Die invloed wat bogenoemde omstandighede op die psige van die Afrikaner gehad het, was in vele opsigte verreikend. Die persepsie dat die behoud van die Afrikaner-volk en die beskerming van ’n nasionale identiteit opnuut in gevaar was, het ’n konsoliderende uitwerking op die Afrikaner gehad en terselfdertyd ’n aggressiewe vorm van Afrikaner-nasionalisme onder veral die verstedelike Afrikaner gestimuleer. Ten einde sy posisie as sogenaamde rassemeerdere in sy verhouding tot die “nie-blanke” te herstel en van sy minderwaardigheidsgevoel teenoor Engelsprekendes ontslae te raak, het die belangrikheid van ’n blanke vel as statussimbool ’n prominente plek in die Afrikaner se rassebewussyn ingeneem. Die Afrikaner het homself opnuut begin beskou as die binnegroep wat te staan gekom het teenoor ’n

³³ GH Calpin, *There are no South Africans* (Londen, 1941), pp. 159-160; B Sachs, *The road to Sharpeville* (Johannesburg, 1961), pp. 24-25; HJ Lubbe, "Vergeet die arbeiders en wen die 'kleurlinge': die 'swart gevaar'-propaganda in Kaapland gedurende die parlementêre verkiesingstryd van 1928 tot 1929", *Kronos Tydskrif vir Kaaplandse Geskiedenis* 18, Oktober 1991, pp. 16-18; Wessels en Wentzel, p. 18; *Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie program van beginsels en konstitusie, 1929* (pamflet, Kaapstad, s.a.), p. 7; Mostert, p. 55; *Die Volksblad*, 11 Junie 1929, p. 9 en 12 Junie 1929, p. 6; *The Friend*, 11 Junie 1929, p. 13.

³⁴ JH le Roux et al., *Generaal Hertzog sy strewe en stryd 1* (Johannesburg, 1987), pp. 299-300, 304-311; TRH Davenport, *South Africa a modern history* (derde uitgawe, Braamfontein, 1987), pp. 288-289.

³⁵ FA van Jaarsveld, *Die Afrikaner se groot trek na die stede en ander opstelle* (Johannesburg, 1982), pp. 170-178; Calpin, p. 159; De Kiewiet, pp. 192-196; Oberholster, p. 8; De Klerk, p. 107; Vatcher, p. 50; Giliomee, pp. 107-108. Vir argumente in dié verband, sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad* 22, 17 April 1934 (Kaapstad, s.a.), kol. 2596-2603.

vyandiggesinde buitegroep. Laasgenoemde het bestaan uit Engelsprekendes, Jode, “nie-blankes” en, by implikasie, almal wat die Afrikaner na sy mening bedreig het. Die Afrikaner se obsessiewe opvatting dat hy te na gekom is (vergelyk byvoorbeeld die idee van *een eeuw van onrecht*) het meegebring dat ’n sondebok gevind moes word om as’t ware hiervoor te boet. Nie soseer die Engelsprekende of Jood nie, maar die “nie-blanke” as ’n sigbare buitegroep is al hoe meer as sondebok geïdentifiseer.³⁶

Hierdie nuwe dimensie in die Afrikaner se politieke denke het weldra prakties neerslag begin vind. Terwyl verpligte rassesegregasie ’n kenmerk van die samelewing geword het, het die Afrikaner ook geleidelik daartoe oorgegaan om sy identiteit op kunsmatige wyse te verskans teen alles wat dit bedreig het. Hierdie neiging kan gesien word as ’n belangrike selfbeveiligingsmotief wat die kwesbare Afrikaner-volk teen andersoortiges en lede van ander kulture moes beskerm en terselfdertyd vrese vir rasse- sowel as kulturele oordondering moes besweer. In hierdie opsig was dit veral die “nuwe” Afrikaner-nasionaliste wat in die vroeë dertigerjare aan die voorpunt van nuwe denke in veral middelklas Afrikaner-geleedere gestaan het, wat die vernaamste voorstanders van ’n onversetlike en ideologies-gefundeerde “regse” politieke houding was. Namate hierdie Afrikaner-denkers, wat in wese die draers van ’n ideologie was wat later die teoretiese onderbou van die moderne regse ideologie sou vorm, se idees na onder toe begin posvat het, het hulle geleidelik volgelinge in veral die meer agterlike sektore van die Afrikaner-samelewing begin vind. In teenstelling met wat die geval was in die twintigerjare, is die “regse” politieke houding in Afrikaner-geleedere in die dertigerjare as’t ware van “bo na onder” gestimuleer.³⁷

Die ongunstige ekonomiese omstandighede van die vroeë dertigerjare het daartoe gelei dat die “regse” vleuel, naamlik Hertzog se NP, aangesluit het by die gematigde hoofstroom van Smuts om ’n regering van nasionale eenheid te vorm. Die koalisieregering van Hertzog en Smuts, wat in 1933 tot stand gekom het, was egter vanuit die staanspoor nie op ’n stewige fondament gebou nie. As draers van botsende politieke houdings het die twee koalisievennote oor fundamentele kwessies verskil. Boonop was ’n belangrike segment van die “regse” denkstroom, naamlik die sogenaamde Afrikaner-nasionaliste, in beginsel teen die koalisie gekant.

³⁶ H Giliomee, “The South African conflict: settlers and natives, Afrikaner and African nationalists” (Referaat, Politieke Wetenskapvereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1-3 Oktober 1987), pp. 4-5; Keppel-Jones, p. 177; Sparks, pp. 133-134; Van der Spuy in Shamley, p. 24; Van der Spuy, p. 15; De Klerk, p. 110; Le May, p. 64. Sien ook FW Reitz, *Een eeuw van onrecht* (Dordrecht, 1899), *passim*.

³⁷ G Leach, *The Afrikaners their last great trek* (Johannesburg, 1989), p. 31; Rhodie en Venter, p. 132; Sparks, p. 134. Wat Hertzog se vrees vir swart oorheersing, toekomsvrese in die algemeen, en sy verwerping van gelykstelling met en politieke regte vir swart mense betref, kyk bv. FA van Jaarsveld, *Verledebesef en toekomsvrees in die politieke handeling van generaal Hertzog* (gepubliseerde Genl. JBM Hertzoggedenklesing 21, Pretoria, 1992), pp. 1-2, 9-14; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

Die vernaamste voorstander van hierdie systroom, dr. DF Malan, het geglo dat 'n koalisie met die SAP noodwendig 'n verwatering van die NP se beginsels sou meebring. Dit wil dus voorkom of die vrees vir byvoorbeeld verengelsing in hierdie geleedere steeds 'n bepalende faktor in politieke ingesteldhede was. Die koalisie het nietemin na sy goeie vertoning in die verkiesing van 1933³⁸ op 'n vaster grondslag gestaan en dit het in Desember 1934 uitgeloop op die samesmelting van die grootste gedeeltes van die “regse” NP en die gematigde SAP in 'n nuwe party, naamlik die Verenigde Party (VP). Twee groepe Afrikaners het hul dus nou onder een enkele sambreel bevind, maar binne die VP kon steeds 'n “regse” en 'n gematigde faksie Afrikaners onderskei word.³⁹

6. STURM UND DRANG, 1934-1939

Soos in die geval van die koalisie, was Malan en sy ondersteuners heftig teen die idee van samesmelting gekant. In teenstelling met Hertzog se meer gematigde houding ten opsigte van samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, was die Afrikaner se stryd teen Engelse oorheersing vir Malan en die Afrikaner-nasionaliste geensins verby nie. Klaarblyklik was die vrees vir Britse imperialisme by laasgenoemdes nog sterk aanwesig. Daarom was veral Smuts weens sy meer pragmatiese houding teenoor Engelssprekendes, nie te vertrou nie. Nadat pogings van Malan en Hertzog misluk het om 'n onderlinge ooreenkoms te bereik, is besluit dat die NP sou bly voortbestaan as die “gesuiwerde” NP. Dit ly geen twyfel nie dat vrees, en wel 'n kombinasie van materiële, kulturele en rassevrees, 'n belangrike rol gespeel het in die versterking van 'n “gesuiwerde” politieke houding by daardie Afrikaners wat hul met Malan en sy NP se politieke sentimente kon identifiseer. Hierdie argument is van groot belang vir 'n begrip van die politieke verwickelinge in die Afrikaner-politiek in die laat dertigerjare en vroeë veertigerjare – 'n periode wat weer deurslaggewend was vir die verloop van gebeure ná 1948.⁴⁰

Die voortbestaan van die NP as 'n sogenaamd gesuiwerde NP en 'n party “regs” van die VP, het die politieke verdelingslyn in Afrikaner-geleedere tussen die enersyds behoudende en in sommige gevalle reaksionêre Afrikaners (vergelyk die “Malaniete” of “Gesuiwerdes”), en andersyds die meer gematigde Afrikaners (ver-

³⁸ In teenstelling met die verkiesing van 1929, was die kleurvraagstuk nie in 1933 'n oorheersende verkiesingskwessie nie. Die sosio-ekonomiese vraagstuk het die politieke toneel oorheers. Kyk bv. *Die Volksblad*, 13 Mei 1933, p. 1 en 17 Mei 1933, pp. 1, 4; *The Friend*, 17 Mei 1933, pp. 5-6.

³⁹ SL Barnard en AH Marais, *Die Verenigde Party die groot eksperiment* (Durban, s.a.), pp. 15-26; HB Thom, *Dr. D.F. Malan en koalisie* (Kaapstad, 1988), pp. 5-20, 112; PW Coetzer, *Koalisie en samesmelting, 1933-1934 'n histories-kritiese studie* (D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1980), pp. 273, 819; Moodie, p. 126; Dalcanton, p. 80; Ballinger, p. 40.

⁴⁰ K Shillington, *A history of Southern Africa* (Harlow, 1987), p. 135; Giliomee, *The South African conflict*, pp. 4-6; Adam en Giliomee, pp. 109-110; Ballinger, p. 41; Moodie, pp. 130, 138; Fisher, pp. 280, 283, 374.

gelyk die “Smelters”), finaal bekragtig. Hiermee het die toenemende belangrikheid van politieke beginsels vir die Afrikaner – ’n neiging wat van besondere belang vir die ontwikkeling van die “regse lyn” in die Afrikaner-politiek is – ook duidelik geblyk. Hoewel die verskil in politieke sentiment van hierdie twee denkstrome vir die grootste deel van die dertigerjare en selfs die vroeë veertigerjare steeds in ’n groot mate betrekking gehad het op die kwessie van Boer-Brit-verhoudinge, het die “nie-blanke”-vraagstuk en die betrokke partye se beskouings daarvan, in prominensie begin toeneem.⁴¹

As in gedagte gehou word dat die VP se rassebeleid van die dertigerjare⁴² nie wesenlik verskil het van die NP se rassebeleid van daardie jare nie, is dit duidelik dat die Afrikaner wit-swart-verhoudinge vanuit ’n ander verwysingshoek beskou het as Boer-Brit-verhoudinge, asook dat hulle in hierdie opsig politieke sentimente gedeel het. Terwyl die Engelse taal en kultuur gesien is as ’n grootliks kulturele bedreiging, het die “nie-blanke”, weens sy getalleoorwig, ’n bestaansbedreiging ingehou. Namate die Afrikaner in die dertigerjare toenemend sy politieke mag en posisie in die samelewing ten koste van die Engelssprekende begin versterk het, het die vrees vir die “Britse konneksie” verder afgeneem. Hoewel daarteen gewaak moet word om ten opsigte van die “nie-blanke”-kwessie die rol wat vrees in byvoorbeeld die VP se implementering van die 1936-wetgewing gespeel het, te oorbeklemtoon, kan hierdie wetgewing sonder twyfel beskou word as ’n selfbeveiligingsmaatreël. Die verwydering van alle oorblywende swartes van die gemeenskaplike kieserslyste (vergelyk die Naturelle Verteenwoordigingswet van 1936), het gedui op ’n toenemende bewustheid by die Afrikaner – en ’n groot aantal Engelssprekendes – van die potensiële politieke bedreiging wat die “nie-blanke” glo vir sy voortbestaan ingehou het.⁴³

Nieteenstaande die feit dat die groeiende rassebewustheid in Afrikaner-geledere oor partygrense heen gestrek het, was daar duidelike tekens dat die rassekwessie in veral “gesuiwerde” Afrikaner-nasionalistiese kringe ’n brandpunt begin word het. Die besef het posgevat dat ’n blywende oplossing vir die “nie-blanke”-vraagstuk gevind moes word. Die groei van nasionaal-sosialisme in Duitsland ná 1933 het ’n sterk invloed gehad op sowel die politieke ideologie van afsonderlikheid en rassesuiverheid (vergelyk die apartheidsgedagte) wat in Afrikaner-nasionalistiese denke begin vorm aanneem het, as die wyse waarop hierdie ideologie stelselmatig in ’n breë politieke sentiment omskep is. Die groei van Afrikaner-nasionalisme ná 1933 is in hierdie opsig van groot belang, aangesien dit momentum verleen het aan

⁴¹ Calpin, pp. 285-286, 302; Scholtz 7, pp. 464-465; Van Jaarsveld, p. 17; Thom, p. 13; Moodie, p. 130.

⁴² Vergelyk die Naturelle Trust en Grondwet van 1936, wat ’n strenger beleid van politieke, ekonomiese en maatskaplike rassesekeiding onderskryf het.

⁴³ Unie van Suid-Afrika, *Wette van die Unie van Suid-Afrika 1936* (Pretoria, 1936), pp. 37-75; Rhoadie en Venter, p. 142; Wessels en Wentzel, p. 41; Le Roux *et al.*, 1, pp. 422-434; Davenport, pp. 310-315; Mostert, pp. 54-55. Vir argumente ten gunste van strenger wetgewing, sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad* 25, 29 Maart 1935 (Kaapstad, *s.a.*), kol. 4167-4175.

pogings om die Afrikaner deur middel van 'n sogenaamde burgerlike godsdiens (*civil religion*) op etniese grondslag te mobiliseer (*ethnic mobilization*).⁴⁴

Deur ruim gebruik te maak van temas wat in daardie jare sterk tot die Afrikaner gespreek het, is daarin geslaag om die NP in 'n sogenaamde "volksbeweging" te omskep. Hierin het 'n sterk religieuse motief, naamlik die idee van die Afrikaner as uitverkore volk met 'n spesiale roeping, sowel as 'n historiese mitologie, naamlik die verheerliking van sogenaamd heroïese gebeure, soos die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, 'n belangrike rol gespeel. Dit wil egter voorkom of die tema van Afrikaner-oorlewing en dit wat dit bedreig het, oorheersend was. In hierdie opsig verwys Baker na die Afrikaner van die dertigerjare as 'n sogenaamde "beleërde kultuur" (*besieged culture*) wat as gevolg van werklike en vermeende bedreigings hul geleedere gesluit en mag begin konsolideer het. In sy verklaring van laasgenoemde gedrag beklemtoon Baker veral die rol wat die vreesfaktor gespeel het.⁴⁵ Volgens Baker vorm so 'n bedreigde groep dan 'n waarde-georiënteerde beweging (*value-oriented movement*) wat ten doel het om die eenheid van die groep rondom 'n vaste stel waardes of ideologie te behou. Die waardes of ideologie word beskou as eie aan die spesifieke groep wat hom nie alleen onderskei van die buitengroep(e) nie, maar ook sy optrede en mobilisasiepogings regverdig.⁴⁶ Dit is in die lig hiervan dat NP-politici se voorstelling van die Afrikaner as 'n bedreigde volk wat tot ondergang gedoem is indien hy nie homself as afsonderlike selfregerende entiteit politiek konsolideer nie, gesien moet word. Die oorlewing van die Afrikaner-volk is dus gekoppel aan die navoring van 'n bepaalde politieke ideologie.⁴⁷

Bogenoemde politieke sentiment het veral sterk in die verkiesing van 1938 tydens die Voortrekker-eeufeesjaar gefigureer toe die sogenaamde "swart gevaar"-propaganda opnuut ingespan is om Afrikaner-steun vir die NP te wen. Hierbenewens was anti-semitisme, naas rassisme, 'n belangrike bestanddeel van die Nasionaliste se verkiesingspropaganda. Die koppeling van die "swart gevaar"-politiek aan anti-semitisme is 'n belangrike aanduiding van die atmosfeer wat toe in reaksionêre blanke

⁴⁴ A Venter (red.), *South African government and politics an introduction to its institutions, processes and policies* (Bergvlei, 1989), p. 13; I Liebenberg, *Ideologie in konflik* (Bramley, 1990), p. 25; I Leatt et al., *Contending ideologies in South Africa* (Kaapstad, 1986), pp. 67-68; A Lerumo, *Fifty fighting years the South African Communist Party, 1921-1971* (Londen, 1980), pp. 66-68; Davenport, pp. 318-319; Giliomee, *The rise and crisis*, pp. 111-112; B Lapping, *Apartheid a history* (Londen, 1986), pp. 68-72.

⁴⁵ Baker, p. 144.

⁴⁶ Baker se teorie van vrees-gebaseerde etniese mobilisering is van primêre belang ten opsigte van die ontwikkeling van sowel die "vreeslyn" as die "regse lyn" in die blanke politiek, aangesien hierdie teorie in alle opsigte ook op die kollektiewe gedrag van die latere volwaardige regse organisasies toegepas kan word.

⁴⁷ PL van den Berghe, *South Africa a study in conflict* (Middletown, 1965), pp. 28-29; Giliomee, "Die ontwikkeling van selfkonsepsies", p. 40; Patterson, p. 41; Liebenberg, p. 24; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992; Baker, pp. 144-145; *Ons mense gedwing om te trek terwille van kaffers die stembus is die plek om daarteen te protesteer* (pamflet, Bloemfontein, s.a.), p. 1. Sien ook TJ Hugo, *Voorlaaiereeks 2 op weg na 'n Boerestaat* (pamflet, Pretoria, 1938), pp. 3-15.

politiek geheers het. Jode, kommuniste, liberaliste en die “nie-blankes” is beskou as ’n enkele web van aaneengeskakelde samesweerders teen die Afrikaner-volk.⁴⁸

Die netwerk van politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele organisasies wat óf doelbewus geskep is óf spontaan ontstaan het ten einde die Afrikaner onder die NP se vaandel te mobiliseer, het almal in ’n mindere of meerdere mate die genoemde mobiliseringstemas uitgebuit. Terwyl organisasies soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), die Reddingsdaadbond (RDB) en die Afrikaner-Broederbond (AB) “kulturele” eksklusiwiteit onderskryf het, het die fascistiese bewegings wat in die laat dertigerjare hul verskyning op die plaaslike politieke toneel gemaak het, waaronder die Ossewa-Brandwag (OB) en die hemp-bewegings, blatant rasse-eksklusiwiteit gepropageer.⁴⁹

7. OORLOG, VREDE EN VERANDERING, 1939-1948

In die lig van die opkoms van fascistiese bewegings in Suid-Afrika, kort voor en net na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, is dit belangrik om die gevolge van dié oorlog op die plaaslike politiek, ook ten opsigte van die effek daarvan op die “regse” denkstroom, te verreken. Hoewel die OB en ander nasionaal-sosialistiese bewegings na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog van die politieke toneel verdwyn het, lê die betekenis van hierdie bewegings in die feit dat hul volgelinge, vanweë hul ekstremistiese sentiment, as sogenaamd “radikaal regs” geklassifiseer kan word. Hiermee het ’n vertakking van die moderne regse denkstroom, naamlik die “ver-regse”, in ’n sekere sin sy beslag gekry. In die lig van die voortsetting van hierdie ekstremistiese “regse” sentiment naas die meer gematigde “regse” sentiment in veral die Afrikaner-politiek, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die opswelling van nasionaal-sosialistiese sentiment op eie bodem die “regse” denkstroom as sodanig versterk het. Die feit dat die meerderheid van hierdie bewegings se

⁴⁸ PJ Furlong, *Between crown and swastika the impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, 1991), pp. 99-100; EA Messina, *Die Voortrekkereufees, 1938* (M.A., Universiteit van Wes-Kaapland, 1981), pp. 37-42; Moodie, pp. 105-168; *Die Volksblad*, 7 Mei 1938, pp. 1, 11 en 16 Mei 1938, p. 6; *The Friend*, 17 Mei 1938, pp. 8-9.

⁴⁹ AN Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond eerste 50 jaar* (Kaapstad, 1979), p. 10; JHP Serfontein, *Brotherhood of power* (Londen, 1979), pp. 31-33; FJ van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948* (D.Phil., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972), pp. 36-94, 113-117; B Bunting, *The rise of the South African Reich* (Londen, 1986), pp. 56-65; Furlong, pp. 20-48, 111; Liebenberg, p. 26; DJ de Vos, *’n Kolossale stuk bedrog* (pamflet, Parow, 1956), p. 8; *Dubbele politieke spel van dr. Malan ontmasker* (pamflet, Pretoria, s.a.), p. 12; *Die Ossewa-Brandwag vanwaar en waarheen* (pamflet, Johannesburg, 1942), p. 5. Kyk in die algemeen ook C Marx, *Oxwagon sentinel radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag* (Pretoria, s.a.).

ondersteuners ná 1945 'n politieke tuiste in die NP gevind het, ondersteun hierdie argument.⁵⁰

Die ander betekenisvolle verwikkeling wat die Tweede Wêreldoorlog meegebring het, was die Smuts-Hertzog-botsing oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Ten spyte van die feit dat Hertzog hom vanweë sy inherent “regse” sentiment toenemend ontuis in die VP begin voel het, wil dit voorkom of sy en sy ondersteuners se vrees vir betrokkenheid by “Brittanje se oorlog” deurslaggewend was in die besluit om Suid-Afrika se deelname teen te staan. Hertzog se bedanking as premier en die daaropvolgende toenadering tussen hom en Malan, het daartoe gelei dat die “regse” vleuel in die VP hom opnuut by die “regse” stroom, naamlik die NP, aangesluit het. Hierdie hereniging het prakties beslag gekry met die stigting van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (HNP) in Januarie 1940 as 'n enkele inherent “regse” party.⁵¹

Ten einde dus die deurslaggewende Afrikaner-rewolusie van 1933 tot 1939 te begryp, moet die besondere rol wat die vreesfaktor in die proses gespeel het, verdiskonteer word. Die noue verband tussen vrees en Afrikaner-nasionalisme enersyds, en die regse politieke houding andersyds, is hier ter sprake, aangesien hierdie interrelasie die ontwikkeling van die “vreeslyn” in die dertigerjare bepaal het. Dit ly geen twyfel nie dat die groei van Afrikaner-nasionalisme in die dertigerjare nou saamgehang het met die bedreiging wat die Engelssprekende, en in 'n toenemende mate die “nie-blanke”, vir sommige Afrikaners ingehou het wat betref hul veiligheid, identiteit, ekonomiese welsyn en vryheid. Nasionalisme was as't ware 'n selfbeveiligingsmaatreël wat gespruit het uit die Afrikaner se ervaring van 'n sigbare bedreiging. 'n Vrees gestimuleer deur omstandighedsfaktore en nie alleen oorwegings van ekonomiese selfsug en onderdrukking nie, was dus in 'n groot mate

⁵⁰ PJ Furlong, *National socialism, the National Party and the radical right in South Africa, 1934-1948* (D.Phil., Universiteit van Kalifornië, 1987), pp. 309-316; Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 20-45, 138-139; Van Heerden, "Nasionaal-sosialisme as faktor", pp. 124-129, 143-144; Scholtz 8, pp. 152-153; *Ons party en die OB* (pamflet, Kaapstad, 1940), p. 1; WH Andrews, *The Nazi danger in South Africa* (pamflet, Londen, s.a.), pp. 11-12; JFJ van Rensburg, *Die vooraand van ons volkseie sosialisme* (pamflet, Johannesburg, 1943), pp. 14-22.

⁵¹ LJ van der Westhuizen, *Die neutraliteitsvraagstuk as verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek (1933-1940) met besondere verwysing na die rol van genl. J.B.M. Hertzog* (M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984), pp. 116-123; Neame, p. 67; Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 114, 119, 127-128; *Herenigde Nasionale Party of Volksparty ontwerpprogramme van beginsels en aksie, en konstitusie van die Federale Raad* (pamflet, Kaapstad, 1940), pp. 13-15. Die Hertzog-vleuel het in 1941 van die HNP weggebreek en die Afrikanerparty, 'n voorstander van 'n meer gematigde nasionalisme, onder leiding van NC Havenga gestig.

verantwoordelik vir die opwelling van Afrikaner-nasionalisme en terselfdertyd die versterking van ’n “regse” politieke houding.⁵²

Die kwessie van die sogenaamde “politiek van vrees”, ’n term wat onder meer verwys na die doelbewuste benutting van vrees as politieke faktor vir bepaalde doeleindes, kom egter ook hier ter sprake. Die “politiek van vrees” dui veral in die “regse” Afrikaner se geval op die mate waarin politieke entrepreneurs om ideologiese redes doelbewus blanke vrese uitgebuit het tot voordeel van die NP. Dit kom dus daarop neer dat vrees op ’n kunsmatige wyse omskep is in ’n politieke werktuig – in dié geval nasionalisme – deur die oorlewing van die groep direk te koppel aan ’n politieke ideologie. Hierdie dimensie van die Afrikaner-vrese van die dertigerjare is betekenisvol, aangesien dit nie net gedeeltelik die ontwikkeling van die “regse lyn” in die veertigerjare onderlê het nie, maar veral ná 1969 ook ’n besondere kenmerk van die moderne regse politiek sou word.⁵³

Die dekade veertig staan in alle opsigte in die teken van die geleidelike versterking van die “regse” denkstroom van Malan se NP ten koste van die meer gematigde stroom van Smuts se VP. Hoewel die oorlogsverkiezing van 1943 ’n groot oorwinning vir Smuts beteken het, het die VP beter vertoon as wat hul steun werklik was.⁵⁴ Die toenemende belangrikheid van die kleurvraagstuk (in besonder die kwessie van swart verstedeliking) in die Afrikaner-politiek, het veral met dié verkiesing duidelik geblyk. Die hoogs ongebalanseerde wit-swart-getalsverhouding wat in en rondom die stede ontstaan het, het die vrees vir swart oorheersing by veral die stedelike blanke kiesers versterk. Hierdie vrese is aangeblaas deur NP-propaganda wat in ’n ongekende mate van die “swart gevaar”-tema gebruik gemaak het. Die feit dat hierdie “gevaar”-propaganda gekoppel kon word aan ’n groeiende, sigbare bedreiging, was daarvoor verantwoordelik dat die NP dit met veel groter sukses kon benut as in die verkiesings van 1929 en 1938. Omstandigheidsfaktore

⁵² M de Villiers, *White tribe dreaming apartheid's bitter roots as witnessed by eight generations of an Afrikaner family* (New York, 1988), p. 271; JC Steyn, *Trouwe Afrikaners aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek, 1875-1938* (Kaapstad, 1987), p. 15; A Butlitsky, "Knot of apartheid contradictions", *International Affairs* 2, 1973, p. 81; Onderhoud met FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992. Kyk in die algemeen ook na die invloed wat publikasies op die Afrikaner se denke kon gehad het, soos Nasionale Pers se Tweede Trekkreeks, insluitende titels soos JH Coetzee, *Verarming en oorheersing* (Kaapstad, 1942); G Eloff, *Rasse en rassevermenging die Boerevolk gesien van die standpunt van die rasseleer* (Kaapstad, 1942); PJ Meyer, *Die Afrikaner* (Kaapstad, 1940) en CGW Schumann, *Die ekonomiese posisie van die Afrikaner* (Kaapstad, 1940).

⁵³ K Manzo *et al.*, "Noodsaaklike vereistes vir ’n onderhandelde skikking: vrese en verwagtinge van die Afrikanerelite", *Politikon* 17(2), Desember 1990, p. 26; De Villiers, pp. 189, 271, 275, 281; GM Carter, *The politics of inequality South Africa since 1948* (Londen, 1958), p. 54; Giliomee, *The South African conflict*, pp. 326-328; Baker, p. 151.

⁵⁴ Vir meer besonderhede, sien bv. RD Tothill, *The 1943 general election* (M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1987), *passim*. JM van den Heever, *Die parlementêre verkiesing van 1943 ’n analise van faktore wat dit beïnvloed het* (M.A., Universiteit van Pretoria, 1968), *passim*. NM Stultz, *The Nationalists in opposition, 1934-1948* (Kaapstad, 1975), pp. 67-91.0

het van die “regse” politieke sentiment van die NP ’n al hoe aantrekliker (en vir sommige ’n noodsaaklike) opsie gemaak.⁵⁵

In die lig van die toename in swart verstedeliking ná 1939 behoort die gevolge wat die Tweede Wêreldoorlog ook op die politieke bewussyn van die swart man gehad het, nie buite rekening gelaat te word nie. Veral vanuit die geleedere van die African National Congress (ANC) en die Naturelle Verteenwoordigingsraad het stemme al meer begin opgaan teen die segregasiebeleid. Hierdie wending het ’n belangrike invloed op die blankes, veral die nasionaalgesindes, gehad deurdat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat die nuwe rasse-atmosfeer eise gestel het waaraan die segregasiebeleid nie sou kon voldoen nie. Die opkoms van die swart man in Afrika en die uitwissing van die kleurskeidslyn elders ter wêreld is as ’n bedreiging vir die voortbestaan van die blanke op eie bodem gesien. Daar het dus by die draers van die “regse” sentiment meer as ooit tevore ’n begeerte posgevat vir ’n beleidsformule wat met die nasionale, sosiale en politieke aspirasies van die swart volke rekening moes hou en dus verder as die tradisionele segregasiebeleid gaan. Nie meer die Brit nie, maar die swart man, was nou die gevaar. Hiermee is die ou Boer-Brit-stryd grootliks vervang deur ’n swart-wit-stryd.⁵⁶

Die tydperk 1945 tot 1948 word veral gekenmerk deur die uitkristallisering van ’n patroon van rassehoudings en denke wat, in die geval van die “regse” Afrikaner, gestimuleer is deur die ideologie van apartheid. Apartheid was in ’n groot mate die finale uitkristallisering van die segregasiebeginsel. In wese ’n beleid gebaseer op die idee van algehele rassesekeiding op alle samelewingsterreine en niebloedvermenging, het die apartheidsdogma nie net ’n sterk ideologiese onderbou gehad nie, maar is dit ook op sogenaamde Bybelse gronde geregverdig. Dit wil egter ook voorkom of die ekonomiese en politieke werklikhede van die dag veel met die neerslag van apartheid as ’n politieke alternatief te doen gehad het. Enersyds het die naoorlogse ekonomiese depressie en die gevolglike voedsel- en behuisingstekorte, sowel as die werkskaarste, ekonomiese vrese onder veral werkersklas-Afrikaners in die hand gewerk. Andersyds het die groeiende swart verstedelikingstempo en die onvermoë van die VP se segregasiebeleid om die gepaardgaande rasse-integrasie

⁵⁵ JPC Mostert, "Die rol van swart verstedeliking in die algemene verkiesing van 1948", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 10(3), Desember 1985, pp. 25-26; FD Tothill, "The South African general election of 1943", *Historia* 34(1), Mei 1989, pp. 78-80; B Friedman, *Smuts: a reappraisal* (Johannesburg, 1975), pp. 157-158; *Verkiesingsmanifest van die Her. Nas. Party* (pamflet, s.l., s.a.), pp. 1-4; *Die Volksblad*, 1 Julie 1943, p. 5 en 5 Julie 1943, p. 1; *The Friend*, 5 Julie 1943, p. 3 en 6 Julie 1943, p. 3. Sien ook PJ Meyer, *Demokrasie of volkstaat? Die keuse van die Afrikanerdom* (pamflet, Stellenbosch, 1942), pp. 19-31.

⁵⁶ A Odendaal, *Vukani Bantu! The beginnings of black protest politics in South Africa to 1912* (Kaapstad, 1984), pp. 289-290; PW Coetzer, "Swart en bruin nasionalisme op die voorgrond: 1948-verkiesing", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 16 (1), Junie 1991, pp. 26, 29; FA van Jaarsveld, "Die Afrikanerdom: ’n histories-vertraagde volk – weg en selfbegrip", *Historia* 31 (2), September 1985, p. 7; *Die Volksblad*, 3 Mei 1948, p. 1; *Die Burger*, 3 Mei 1948, p. 2. Vir dr. Malan se argumente in dié verband en spesifiek sy verwysings na die rol van "vrees" en "angs", sien Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad* 55, 22 Januarie 1946 (Kaapstad, s.a.), kol. 103-106.

teë te werk, die vrees vir oorheersing by baie blankes versterk. Dit was die groei van hierdie tipe vrese (en woede) onder sekere segmente van die Afrikaans- sowel as Engelssprekende deel van die bevolking wat, naas die effek van Afrikaner-nasionalisme, verantwoordelik gehou kan word vir die versterking van ’n “regse” politieke houding in blanke geleedere ná 1945.⁵⁷

In ’n verklaring van die NP se oorwinning in die 1948-verkieping is dit van belang om bogenoemde omstandighede in ag te neem, maar die mate waarin hierdie vrese deur die NP uitgebuit is, moet ook verreken word. Die “politiek van vrees” waarna daar reeds vroeër verwys is, kom opnuut hier ter sprake. Met behulp van die beproefde “gevaar”-propaganda waarin nie net die “swart gevaar” nie, maar ook die “rooi gevaar” (die kommunistiese bedreiging) en die “liberalistiese gevaar” (soos verpersoonlik deur VP-beleid) permanente strydkrete geword het, is bestaande vrese uitgebuit. Daar is veral gekonsentreer op die gevoelens van onsekerheid en bedreiging onder die “regse” en potensieel “regse” segmente van die blankes vir wie brood-en-botter-politiek, selfbehoud en oorlewing, ’n groter prioriteit was as vir die ander meer gematigde segmente van die kieserskorps. Daar bestaan geen twyfel nie dat die vrese van die armblanke, die blanke werker, die teruggekeerde blanke soldaat, die Afrikaner-vrou en die blanke boer in ’n groot mate verantwoordelik was vir die NP se verkiesingstriomf.⁵⁸

Een van die meer prominente en, vir die doeleindes van die groei van “regse” denke, belangrikste kenmerke van die verkiesingsveldtog, was die direkte koppeling van blanke oorlewing aan die apartheidsideologie. Deur ’n parallel te trek tussen die posisie van blanke minderhede elders ter wêreld en dié van die Afrikaner is ’n geloofwaardige beeld geskep van wat die lot van blankes midde-in ’n swart meerderheid sou wees as daar toegegee word aan die swartes se eise en gelykstelling geïmplementeer word. Kenmerkend van die politiekvoering in veral NP-gesinde

⁵⁷ AJ Posthuma, *Generaal J.C. Smuts en Afrikaner-opposisie, 1939-1948* (D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1990), pp. 240-274; Baker, pp. 149-150, 152; Mostert, "Tradisie en vernuwing in Afrikanerdenke", pp. 57-59; Stultz, pp. 123-128; Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 235-238; Coetzer, "Swart en bruin nasionalisme", pp. 29-30; Mostert, "Die rol van swart verstedeliking", p. 25; Wessels, "Die rol van politieke faktore", pp. 144-149; Van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid*, pp. 8-9; *Die Burger*, 3 Mei 1948, pp. 1-2 en 13 Mei 1948, p. 1; *Die Volksblad*, 3 Mei 1948, p. 1; LT Weichardt, *Blank Suid-Afrika* (pamflet, Johannesburg, s.a.), pp. 3-6.

⁵⁸ H Lindsay Smith, *Anatomy of apartheid* (Germiston, 1979), p. 39; Posthuma, pp. 240-256, 269; Friedman, pp. 206-207; Stultz, pp. 120, 122; Mostert, "Die rol van swart verstedeliking", p. 27; *Die Volksblad*, 8 Mei 1948, p. 1 en 19 Mei 1948, p. 7; *Die Burger*, 3 Mei 1948, p. 2; *Die Transvaler*, 4 Mei 1948, p. 2; *Parlementêre verkiesing, 26 Mei 1948* (pamflet, Johannesburg, 1948), p. 1; *Verenig teen aanslag van naturelle gevaar!* (pamflet, Johannesburg, 1948), pp. 1-2; *Algemene verkiesing, 26 Mei 1948 kiesafdeling Edenvale* (pamflet, Johannesburg, 1948), pp. 1-2; *Afdeling Pretoria Distrik* (pamflet, Johannesburg, 1948), p. 1; Onderhoud met NJ Rhoadie, Pretoria, 15 Julie 1992; Onderhoud met PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; N Diederichs, *Wat die kommunisme werklik is* (pamflet, s.l., 1946), pp. 3-16; R Leibbrandt, *Ontwaak blank Suid-Afrika!* (pamflet, Bloemfontein, s.a.), pp. 3-5.

koerante was die beriggewing waarin hierdie skrikbeeld voorgehou is.⁵⁹ Deur die indruk te skep dat die toekomstige oorlewing van die Afrikaner en daarmee saam die voortbestaan van die blanke- en die Christendom in Afrika op die spel was, kon die NP daarin slaag om die kiesers nie net van die dringendheid van die kleurkwessie en ander verwante vraagstukke te oortuig nie, maar ook die apartheidsbeleid as die oplossing voor te hou.⁶⁰

8. SLOTPERSPEKTIEWE

Die bewindsoorname van die NP in Mei 1948 is om verskeie redes betekenisvol vir die ontwikkeling van die “regse lyn” in die blanke politiek. In die eerste plek is die “regse” denkstroom uitermate versterk deur die feit dat ’n wesenlik “regse” party die leisels oorgeneem het. Die meer gematigde rassehouding van die VP is vervang deur ’n beleid wat die skeiding tussen rasse op alle samelewingsterreine streng onderskryf het. Hierdie politieke kentering was reaksionêr in die sin dat dit nie net ’n teruggryp was na die rigiede rassebeleid van die negentiende-eeuse Boererepublieke nie, maar ook omdat die apartheidsideologie diametraal teenoor die internasionale siening van menseregte ná 1945 gestaan het. In die tweede plek kan daar van die standpunt uitgegaan word dat die apartheidsideologie, in wese die fondament van die regse politieke houding, aan die moderne regse ideologie sy teoretiese beslag gegee het. Hoewel later verskillend geïnterpreteer, sou hierdie dogma van rassesseiding die sentrale uitgangspunt van die twintigste-eeuse regse politiek bly. Hierdie kwessie, sowel as die feit dat apartheid grootliks ’n beleid was wat blanke vrees moes besweer, is van deurslaggewende belang vir ’n begrip van die ontwikkeling van sowel die “regse lyn” as die “vreeslyn” ná 1948. Sedert 1948, maar veral ná 1960, sou die verband tussen vrees en rassesseiding nie net sterker in die breë blanke politiek na vore kom nie, maar in besonder in die regse denkstroom wat, hoewel aanvanklik nie as ’n afsonderlike politieke groepering nie, steeds in terme van ’n distinkiewe politieke houding sou bestaan.⁶¹ Die NP het, ten einde Suid-Afrika ’n beter plek vir blankes (en in die besonder vir die Afrikaner) te probeer maak, ’n vennoot van vrees gemaak. Maar wie van vrees ’n vennoot maak, maak selde indien ooit van die

⁵⁹ Kyk byvoorbeeld *Die Transvaler*, 3 Mei 1948, p. 2.

⁶⁰ A Keppel-Jones, *Friends or foes? A point of view and a programme for racial harmony in South Africa* (Pietmaritzburg, 1950), p. 40; Vatcher, p. 136; *Die Transvaler*, 19 Mei 1948, pp. 3-4 en 24 Mei 1948, p. 1; *Die Kruithoring*, 17 Maart 1948, p. 10; *Die Volksblad*, 19 Mei 1948, p. 7; *Die Burger*, 3 Mei 1948, p. 2; *Parlementêre verkiesing, 26 Mei 1948* (pamflet, Johannesburg, 1948), p. 1; *Ver. Party en "Arbeids" Party stuur af op uiteindelijke uideelging van witman* (pamflet, Johannesburg, 1948), pp. 1-2.

⁶¹ JH Bavinck, *Het rassenvraagstuk probleem van wêreldformaat* (Kampen, 1956), pp. 47-48; O Brown, *Against the world a study of white South African attitudes* (Londen, 1966), p. 45; G Cronjé, *'n Tuiste vir die nageslag* (Johannesburg, 1945), p. 115; G Cronjé, *Voogdyskap en apartheid* (Pretoria, 1948), p. 141; Calpin, p. 307; Rhodie en Venter, p. 194; Rhodie, p. 72; Onderhoud met NJ Rhodie, Pretoria, 15 Julie 1992; Onderhoud met PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

toekoms 'n beter plek vir enigiemand. Verder: goeie leierskap beoog om waarlik 'n beter toekoms vir almal te skep, en beveg gevolglik vrees, in plaas daarvan om dit in eie belang uit te buit.

Hierdie studie bevestig dat sedert die koms van die eerste blankes na wat vandag Suid-Afrika is, daar by diegene wat met verloop van tyd as Afrikaners bekend geword het, die behoefte ontstaan het om nie net hulself fisies te beveilig nie, maar ook hul identiteit te behou. Dit blyk ook dat vrees vir die numeries-oorheersende swart inheemse bevolking met verloop van tyd nie slegs in Afrikanerpolitiek 'n dominante rol gespeel het nie, maar inderdaad in blanke politiek in die algemeen. Waar die Afrikaner aanvanklik Britse oorheersing ervaar en gevrees het, het die vrees vir gelykstelling en vermenging met, en oorheersing deur swart mense, in die loop van die eerste helfte van die twintigste eeu, 'n *Leitmotiv* in Afrikanerpolitiek geword. Dit het die ontwikkeling van die “regse lyn” en die “vreeslyn” in die geskiedenis van die Afrikaner, soos met verloop van tyd ook in blanke politiek in die algemeen, versterk. Uit hierdie studie van vrees as faktor in “regse” blanke politiek tot en met 1948, behoort dit dus ook duidelik te wees dat die “politiek van vrees” 'n multidimensionele fenomeen is, en dat vrees as sodanig as 'n politieke instrument gemanipuleer kan word ten einde bepaalde politieke doelwitte te bereik. Kennis van en begrip vir die geskiedenis van vrees as politieke faktor en die daaruit voortvloeiende ontwikkelinge, is nodig om die ontstaan van volwaardige regse partye, soos die Herstigte Nasionale Party (1969), in die korrekte historiese perspektief te kan beoordeel.

Dit is duidelik dat vrees lank vóór 1948 reeds 'n faktor in blanke politiek was, en dat die regse politieke houding ook ver in die geskiedenis teruggespoor kan word. Die 1948-verkiesing het egter 'n nuwe era in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui.